Oom Olifant

Oom Olifant, jou reuse dier
Die mense lag vir hul plesier,
Want waar het jy al ooit gehoor
Van ’n stertjie van agter en
’n stertjie van voor?

PRAESA

For more free multilingual language and literacy resources for children, visit www.praesa.org.za.

Oor die rympie

Hierdie aksierympie oor 'n olifant word dikwels gesing. Die olifant is groot en mense dink dit is 'n potsierlike dier omdat dit lyk of hy twee sterte het, 'n "stertjie van agter" en 'n "stertjie van voor" wat eintlik sy slurp is.

About the rhyme

This action rhyme about an elephant is often sung. The elephant is huge, and people find it strange and funny because it looks as if it has two tails, one at the back (*stertjie van agter*) and one at the front (*stertjie van voor*), which is in fact the elephant's trunk.

PRAESA

For more free multilingual language and literacy resources for children, visit www.praesa.org.za.

Aktiwiteite

- Sê die rympie saam op terwyl julle maak of julle olifante is. Gebruik een arm as jou slurp en die ander arm as jou stert.
- Gesels met jou kinders oor verskillende dinge in die rympie wat dalk vir hulle interessant mag wees. Byvoorbeeld: Het olifante regtig 'n stertjie van agter en 'n stertjie van voor? Wat het ons in plaas van 'n slurp? Het ons stertjies?
- Ontwikkel jou kinders se begrip van "voor" en "agter". Vra hulle om hul oë met hul hande toe te druk en draai hulle dan 'n paar keer stadig in die rondte. Vra hulle nou om hul oë oop te maak en te sê wat voor en wat agter hulle is. Herhaal dit 'n paar keer.
- Het julle al ooit gesien hoe olifante agter mekaar in 'n ry stap, terwyl hulle aan die een voor hulle se stert vashou met hul slurp? Geniet dit om saam rond te stap soos 'n ry olifante!

Activities

- Say the rhyme together while pretending to be elephants. Use one arm as your trunk and the other arm as your tail.
- Talk to your children about different things to do with the rhyme that might interest them. For example: Do elephants really have a tail at the back (*'n stertjie van agter*) and a tail at the front (*'n stertjie van voor*)? What do we have instead of a trunk? Do we have tails?
- Develop your children's understanding of "in front" and "behind". Ask them to cover their eyes with their hands and gently turn them around a few times. Now ask them to open their eyes and say what is in front of them and what is behind them. Repeat this a few times.
- Have you ever seen elephants walking one behind the other in a row, while they each hold onto the tail of the elephant in front of them with their trunk? Have fun trying to walk around together like a row of elephants!